Downloaded from Stanmorephysics.com

AFR 8

**STANMORE SEKONDêR**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**JUNIE EKSAMEN 2009**

**GRAAD:** 8 | **EKSAMINATRISE:** B.PADAYACHEE
**TYD:** 1 UUR | **MODERATRISE:** B.GOKUL
**PUNTE:** 30

## VRAAG 1 – SOEKLEES

Lees die onderstaande tv – fliek gids en beantwoord dan die vrae.

**CAROLINA** ■■■
**2003, 96 min, OB, M-Net, 11:00**
**Romanse.** 'n Jong vrou sukkel om weg te breek van haar eksentrieke familie. Met Julia Stiles en Shirley MacLaine.

**SCOOBY-DOO** ■■■
**2002, 88 min, OB, e.tv, 14:30**
**Avontuur.** Vier tieners en hul hond probeer uitvind wie agter die spookagtige gebeure op 'n vakansie-eiland sit. Met Freddie Prinze jr. en Sarah Michelle Gellar.

**BORN ROMANTIC** ■■■
**2000, 96 min, 13T, SABC3, 20:00**
**Romanse.** Drie mans soek in die strate van Londen elk na 'n sekere vrou. Met Craig Ferguson en Ian Hart.

**MISSING IN AMERICA** ■■■
**2005, 102 min, OB13, SABC1, 20:00**
**Drama.** 'n Veteraan van Viëtnam word deur 'n sterwende medesoldaat gevra om na sy dogter om te sien. Met Danny Glover en Ron Perlman.

**FATHER'S DAY** ■■■
**1997, 98 min, OB13, SABC2, 20:00**
**Komedie.** 'n Vrou oortuig twee gewese minnaars dat elkeen die pa van haar seun is, sodat hulle na die kind sal gaan soek. Met Billy Crystal en Robin Williams.

**CONSTANTINE** ■■■
**2005, 121 min, 16, SABC3, 20:00**
**Fantasie.** 'n Speurder wat met die bonatuurlike werk, help 'n polisieman om die dood van haar tweelingsuster te ondersoek. Met Keanu Reeves en Rachel Weisz.

1. Watter tipe rolprent is "Father's Day"? (1)
2. Hoe lank duur die rolprent "Constantine"? (1)
3. Watter rolprent is 'n drama? (1)
4. Op watter TV – kanaal kan jy "Born Romantic" sien? (1)
5. Wie is die aktrises in "Caroline"? (2)
6. Wie is die akteurs in "Father's Day"? (2)
7. Watter rolprent kan jy op SABC 1 om 20.00 sien? (1)
8. Waarna soek die mans in die rolprent "Born Romantic"? (1)
9. Wat ondersoek die speurder in die rolprent "Constantine"? (1)
10. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.

10.1 Scooby – Doo is 'n aksie rolprent. (2)
10.2 Die veteran in "Missing in Amerika" is van Londen. (2)

**15**

## VRAAG 2

Bestudeer die prent en voltooi die sinne in kolom A deur die instruksies in kolom B te volg.

Downloaded from Stanmorephysics.com



| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| Ameena se tas en (2.1 skoen) | 2.1 | Gee die meervoud van die woord. |
| is gereed vir more. Sy sal | | |
| (2.2 met; deur; per) motor skool | 2.2 | Kies die regte voorsetsel. |
| toe gaan. Haar skool (2.3 klere | 2.3 | Kies die regte woord. |
| Kleure) is geel en swart. Sy is | | |
| Die (2.4 slim) meisie in haar | 2.4 | Gee die korrekte vorm van die woord. |
| Klas. Daar is 'n klein (2.5 tafel) | 2.5 | Gee die verkleinwoord. |
| Langs haar bed. Daardie more | | |
| was dit (2.6 baie koud) want die | 2.6 | Gee die intensiewe vorm |
| sneeu het geval. Ameena hou | | |
| nie daarvan om (2.7 sy; hy; haar) | 2.7 | Kies die regte voornaamwoord. |
| Kamer slordig te hou nie. Daar | | |
| is 'n (2.8 pragtig) prent in haar | 2.8 | Gee die korrekte vorm van die |
| kamer. Sy werk hard op skool | | woord. |
| en wil (2.9 100) persent in | 2.9 | Skryf in woorde. |
| haar toets kry. | | |
| Ameena se moeder is baie streng. | | |
| (2.10 Haar kamer is altyd netjies.) | 2.10 | Skryf die sin in die Verlede Tyd. |
| Sy is in graad nege. (2.11 Sy moet | 2.11 | Verbind die sinne met :OMDAT |
| skool toe gaan. | | |
| Sy skryf 'n belangrike toets) | | |
| (2.12 Ameena sê: "Ek voel siek." | 2.12 | Skryf in Indirekte Rede. |
| Ma sal vir haar medisyne gee. | | |
| (2.13 Was Ameena ooit afwesig?) | 2.13 | Begin met: Nee,........... |
| Sy wil beter word. (2.14 Ameena | | |
| drink onmiddellik die medisyne) | 2.14 | Begin met: Onmiddellik........... |
| Die kind word nie beter nie. | | |
| (2.15 Ma neem haar dokter toe.) | 2.15 | Skryf in die Toekomende Tyd. |

**(15)**

**TOTAL: 30**

Stanmore Sekondêre Skool
Finale Eksamen – November 2012
Afrikaans - Eerste Addisionele Taal
Graad 8 Punte: 50 Tydsduur: 1 uur

*Instruksies*:
1. Skryf netjies en duidelik.
2. Beantwoord al 3 vrae.
3. Jou antwoord moet kort en tot die punt wees.

## Vraag 1 – Begrips

Die Afropop-groep Freshlyground is in 2002 in Kaapstad gestig en het sewe lede, van wie party van Mosambiek en Zimbabwe kom. Hulle eerste trefferliedjie, *Doo Bee Doo*, het hulle amper nie eens opgeneem nie.



Die klankingenieur was eers een van die beste klawerbordspelers. In 2004 het hulle by die parlementsopening gespeel. Hulle het in 2006 die Best African-toekenning van MTV in Kopenhagen gewen. In 2008 het hulle vier SAMA-toekennings gewen.



Freshlyground speel rock, kwela, blues en jazz. Die voorsanger is Zolani Mahola, en haar unieke stem dra by tot die groep se unieke styl.

Simon Attwell speel die fluit, mbira en mondfluitjie, Peter Cohen die tromme en Kyla Rose Smith speel viool en sing in die agtergrond. Julio "Gugs" Siguaque is die akoestiese kitaarspeler, Josh Hawks speel die baskitaar en help met agtergrondsang, en Aron Turest-Swartz speel die klawerbord, slaginstrumente en sing ook in die agtergrond.



Van hierdie groep gaan ons nog baie hoor!

1.1. Waar is die groep gestig? 1
1.2. Hoeveel lede is in die groep? 1
1.3. Noem 2 lande waarvandaan die ander lede kom. 2
1.4. Wat het amper nie gebeur met hulle eerste trefferliedjie? 1

*Kies die regte antwoord:*

1.5.1. In 2004 is hulle
- a. in Kaapstad gestig
- b. 'n SAMA toegeken
- c. uitgenooi om by die parlementsopening te speel 1

1.5.2. Freshlyground is 'n ________groep.
- a. Europop
- b. Jpop
- c. Afropop 1

*Die klankingenieur was eers die beste kitaarspeler.*

1.6.1 Is dit waar/onwaar? Motiveer. 1

1.7. Wat het hulle in 2006 gewen? 1
1.8. Wat het hulle in 2008 gewen? 1
1.9. Watter ander genré musiek speel hulle? 1
1.10. Wat is uniek oor Zolani Mahola se stem? 1
1.11. Wie speel die mbira en mondfluitjie? 1
1.12.1. Watter instrument speel Julio "Gugs" Siguaque? 1
1.12.2. Watter instrument speel Josh Hawks? 1
1.13. Noem die 2 mense wat soms saam met Zolani in die agtergrond sing. 2
1.14. Gee een sin uit die teks wat sê dat hierdie groep meer beroemd (famous) in die toekoms gaan wees? 2

(20 Punte)

## Vraag 2 – Soeklees

ROLPRENT KOMPETISIE !!
TITEL: "3 Idiots" deur Aamir Khan.
Vir meer informasie: skakel aan by: www.Coxandking.com




2.1. Wat is die titel van die rolprent? 1
2.2. Na watter land sal jy gaan vir die eerste prys? 1
2.3. Die groot prys is
- a. sewe dae in Australië
- b. vier dae in Hong Kong
- c. sewe dae in Indië 1

2.4. Wat kry jy vir die derde prys? 1
2.5. By watter webadres moet jy aanskakel vir die kompetisie? 1

(5 Punte)



Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded From Stanmorephysics.com

**Vraag 3 – Taalwerk** (Skryf jou antwoorde in vol sinne)

*3.1. Skryf die sin in die Verlede tyd.*
Die seun sny die gras. 1

*3.2. Skryf die sin in die Toekomende tyd.*
Ek is elke dag moeg. 1

*3.3 Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies*
3.3.1. Die baba skree hardop. Sy voel honger. (want) 1
3.3.2. Die seun loop skool toe. Hy is moeg. (daarom) 1
3.3.3. Die kinders studeer hard. Hulle het eksamen geskryf. (omdat) 1

*3.4. Gee die Ontkennende vorm*
3.4.1. Iemand het musiek gespeel. 1
Begin: Nee, ...
3.4.2. Pa het iets in die taxi gevind. 1
Begin: Nee, ...

*Skryf in die Indirekte rede*
3.5. Ma sê: "Jan het die motor vinnig gery." 1
Begin: Ma sê dat ...

*Skryf die volgende sin oor met die korrekte Punktuasie.*
3.6. Oupa vra wat het jy gedoen 2

*Gee die Lydende vorm*
3.7. Sara bak 'n vis vir ete. 1
Begin: 'n Vis word ...

*Skryf die sin in die regte Woordorde*
3.8. Hulle kom toe skool in die môre. 1
Begin: In die môre...



*Skryf die Afkorting vol uit* (Skryf een woord as antwoord)
3.9. Ek is siek en ek gaan na die (Dr.) toe.

*Gee die korrekte Voornaamwoord*
3.10. My ouma het ______ motor bestuur.

*Gee die regte Meervoud vir die woord tussen hakies*
3.11. Daar is twee (tafel) in die kantoor.

*Gee die regte Verkleinwoord vir die woord tussen hakies*
3.12. Ons klein (skool) het twee kamers.

*Gee die trappe van Vergelyking*
3.13. My broer is (groot) as my suster.

*Gee die regte Adjektief*
3.14. Hy lees 'n (interessant) boek.

*Skryf die Intensiewe vorm vir die woorde tussen hakies*
3.15. Die atleet is (baie moeg).

*Kies die korrekte woord van tussen hakies*
3.16. My pa het baie mans (klere/kleure) gekoop.
3.17. Op sport dag was ek so honger soos 'n (hond/wolf).
3.18. My tante is 'n (jong/jonk) vrou.
3.19. Die seun is lief (op/vir) die meisie.
3.20. Daar is (fyf/vyf) mense in my huis.
3.21. Ons skool sluit om (twee-uur/twee uur).

(25 Punte)